krisis van Mei 1971 bereik het en die drastiese veranderings in die ekonomiese beleid van die Verenigde State wat op 15 Augustus deur President Nixon aangekondig is. In die lig van die belangrikheid van Suid-Afrika as 'n goudproduserende land, het die onsekerheid op internasionale monetêre gebied tot 'n toename in buitelandse belegging in Suid-Afrika gedurende 1968 tot 1970 gelei.

Verwikkelinge in die binnelandse kapitaalmark het ook tot die vinnige styging in buitelandse belegging gedurende die afgelope drie jaar bygedra. Vanaf November 1967 tot April 1969 het 'n buitengewoon hoë vraag na aandele die binnelandse kapitaalmark oorheers. Lewendige toestande het ook op die vaste eiendomsmark voorgekom en hierdie toestande het voortgeduur selfs nadat 'n afname in die mark vir aandele ingetree het. Die mark vir vaste-rentedraende effekte het vanaf ongeveer die middel van 1969 en in besonder gedurende 1970 baie stram geword, en

Grafiek 1 Jaarlikse persentasieverandering in totale buitelandse laste



hierdie verwickelinge het tot 'n toename in buitelandse lenings veral deur die sentrale regering en openbare korporasies, gelei.

Valutabeheermaatreëls het ook 'n belangrike invloed op buitelandse belegging gehad, veral ten opsigte van die meer doeltreffende toepassing sedert April 1969 van dié reël wat plaaslike lenings deur Suid-Afrikaanse filiale van buitelandse maatskappye beperk tot ongeveer 25 persent van die buitelandse kapitaal wat in die Suid-Afrikaanse onderneming belê is. Hierdie maatreël neem in aanmerking dat Suid-Afrika nog steeds 'n kapitaal-invoerland is en dat sy finansiële bronne nie onbeperk is nie, en begunstig gevolglik die finansiering van buitelandse filiale deur middel van nuwe buitelandse belegging of onuitgekeerde winste. Terselfdertyd het die valutabeheermaatreël wat bepaal dat kapitaal wat op 'n tydelike basis ingevoer word die goedkeuring van die valuta-beheerowerhede moet verkry, 'n negatiewe invloed op buitelandse belegging in die private sektor gedurende hierdie jare gehad.

Die hoë ekonomiese groei koers wat in die volkshuishouding ondervind is en die daarmee gepaardgaande skerp stygende neiging in goedere-invoere, tesame met die beperkende plaaslike kredietbeleid, het tot gevolg gehad dat invoere in 'n toenemende mate gedurende 1969 en 1970 met behulp van buitelandse fondse gefinansier is. Bowendien was die relatief hoë rentekoerspatroon wat in 1970 in Suid-Afrika bestaan het, vergeleke met dié van die Verenigde State en Wes-Europa, ook gunstig vir 'n invloeiing van kapitaal.

Buitelandse laste van die private sektor

Vanaf die einde van 1967 tot 1970 was buitelandse belegging in die private sektor hoofsaaklik vir die vinnige styging in totale buitelandse laste verantwoordelik. Die toename van R1 619 miljoen in die buitelandse laste van die private sektor was vanaf die einde van 1967 tot aan die einde van 1970 vir ongeveer 84 persent van die toename in totale buitelandse laste ten bedrae van R1 913 miljoen verantwoordelik. Soos in die verlede het buitelandse belegging in die private sektor hoofsaaklik uit regstreekse belegging bestaan, dit wil sê belegging in Suid-Afrikaanse ondernemings waarin buitelandse beleggers so 'n mate van beheer besit dat hulle in staat is om 'n wesenlike invloed op die finansiële en bedryfsbeleid van die onderneming uit te oefen. Die aandeel van regstreekse belegging in totale private belegging het derhalwe van 71,9 persent aan die einde van 1967 tot 73,6 persent aan die einde van 1970 toegeneem.

Alhoewel regstreekse buitelandse belegging veral in die vorm van langtermynbelegging was, het langtermynlaste as 'n persentasie van totale private buitelandse laste desondanks matig vanaf die einde van 1969 tot aan die einde van 1970 afgeneem. Die relatiewe aandeel van korttermyn regstreekse belegging daarenteen het gedurende dieselfde tydperk

Tabel 1

Regstreekse en onregstreekse belegging as persentasie van private buitelandse laste

Regstreekse en onregstreekse belegging	Aan die einde van:				
	1956	1967	1968	1969	1970
Regstreekse belegging	61,4	71,9	72,4	73,7	73,6
Langtermyn	50,9	61,0	61,1	62,4	60,9
Korttermyn	10,5	10,9	11,3	11,3	12,7
Onregstreekse belegging	38,6	28,1	27,6	26,3	26,4
Langtermyn	35,1	23,9	23,3	22,1	23,1
Korttermyn	3,5	4,2	4,3	4,2	3,3
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

vanaf 11,3 persent tot 12,1 persent toegeneem, hoofsaaklik weens die skerp toename in goedere-invoere, die stram plaaslike kredietmark en die relatief hoë heersende rentekoerse in Suid-Afrika. Korttermyn onregstreekse belegging as 'n persentasie van totale private belegging het egter gedurende 1970 gedaal, wat klaarblyklik aandui dat ondernemings met nouer oorsese bande in 'n groter mate in staat was om hul verhoogde invoere uit buitelandse bronne te finansier as Suid-Afrikaansbeheerde ondernemings.

Uit die gegewens in tabel 2 is dit duidelik dat sowel korttermyn- as langtermynskuld van die private sektor, as 'n persentasie van totale private laste, gedurende die laaste drie jaar aansienlik toegeneem het. Dit het tot gevolg gehad dat die relatiewe belangrikheid van leningskapitaal vanaf 1967 tot 1970 skerp toegeneem het, terwyl die aandeel van eienaarsbelang, en in besonder dié van gewone stemdraende-aandeel, 'n ooreenstemmende afname getoon het. Nadat onuitgekeerde winste as 'n persentasie van private buitelandse belegging vanaf die einde van 1956 tot aan die einde van 1967 skerp toegeneem het, het dit gedurende die daaropvolgende drie jaar op min of meer dieselfde vlak gebly.

Die stygende neiging in die relatiewe belangrikheid van leningskapitaal in private buitelandse laste was sedert die einde van 1965 waarneembaar en kan hoof-

Tabel 2

Persentasieverdeling van private buitelandse laste volgens tipe las

Tipe las	Aan die einde van:				
	1956	1967	1968	1969	1970
Eienaarsbelang	70,1	72,2	70,1	70,1	67,3
Onuitgekeerde winste	22,8	36,1	35,6	36,7	35,9
Ander eienaarsbelang	47,3	36,1	34,5	33,4	31,4
Leningskapitaal	29,6	27,6	29,7	29,8	32,6
Langtermynskuld	15,6	12,4	14,1	14,2	16,5
Korttermynskuld	14,0	15,2	15,6	15,6	16,1
Vaste eiendom	0,3	0,2	0,2	0,1	0,1
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

saaklik aan toenames in die koers van maatskappybelasting in Suid-Afrika en aan toestande op die plaaslike kapitaalmark toegeskryf word. Gedurende die afgelope vyf jaar het die koers van inkomstebelasting wat deur maatskappye betaalbaar is, skerp gestyg, en op 26 Maart 1969 is die belasting op onuitgekeerde winste ook op openbare maatskappye van toepassing gemaak. Aangesien die rentelas op 'n skuld in teenstelling met dividendbetalings 'n toelaatbare aftrekking vir belastingdoeleindes is, het hierdie veranderings in belasting 'n verskuiwing na finansiering in die vorm van leningskapitaal aangevoed. In die fiskale jaar 1967/68 is 'n belasting van 10 persent op rentebetalings aan buitelanders ingestel, maar die belasting op buitelandse aandeelhouders is terselfdertyd vanaf 10 persent tot 15 persent verhoog. Bowendien het stram toestande op die binne-landse kapitaalmark, veral gedurende 1970, ook openbare korporasies aangespoor om groot bedrae in die vorm van langtermynlenings, in die buiteland te verkry.

'n Indeling van private buitelandse laste volgens sektor toon dat nywerheidsondernemings nog steeds die grootste gedeelte van buitelandse belegging ontvang. Buitelandse belegging in private nywerheids-ondernemings het meer as 40 persent tot die toename in totale private buitelandse laste bygedra en hierdie invloed was hoofsaaklik in die vorm van onuitgekeerde winste en leningskapitaal. Onuitgekeerde winste in private Suid-Afrikaanse nywerheids-ondernemings wat buitelanders toekom het vanaf die einde van 1967 tot aan die einde van 1970 met R219 miljoen gestyg, terwyl hulle buitelandse leningskapitaal oor dieselfde tydperk met nie minder nie as R334 miljoen toegeneem het. Gedurende die afgelope drie jaar het nywerheidsondernemings, en in besonder openbare korporasies, in 'n toenemende mate van buitelandse langtermynlenings gebruik gemaak om hul beleggings te finansier, en hul uitstaande langtermynskuld het dus vanaf R69 miljoen aan die einde van 1967 tot soveel as R240 miljoen aan die einde van 1970 toegeneem.

Lenings wat deur die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie in die buiteland verkry is, was hoofsaaklik

verantwoordelik vir die toename in die relatiewe belangrikheid van ondernemings wat onder „ander“ ingedeel is, terwyl „versekeringsondernemings“ die enigste ander sektor was wat sy relatiewe aandeel in totale private buitelandse belegging vergroot het. Buitelandse belegging in versekeringsinstellings het gedurende die afgelope drie jaar inderdaad byna verdubbel, hoofsaaklik as gevolg van 'n skerp toename in onuitgekeerde winste.

Alhoewel die uitstaande buitelandse leningskapitaal van groot- en kleinhandelondernemings aansienlik vanaf die einde van 1967 tot die einde van 1970 toegeneem het, het hul onuitgekeerde winste slegs 'n geringe styging getoon, met die gevolg dat hulle aandeel in private buitelandse belegging oor die driejaar-tydperk min verandering getoon het. Aan die ander kant het die relatiewe belangrikheid van buitelandse belegging in die mynbou- en finansieringssektor oor hierdie drie jaar afgeneem.

Uit grafiek 2 is dit duidelik dat die relatiewe belangrikheid van die Sterlinggebiedlande in die voorsiening van buitelandse kapitaal aan Suid-Afrika, gedurende die tydperk 1968 tot 1970 afgeneem het, terwyl dié van die Wes-Europese lande toegeneem

Grafiek 2 Persentasieverdeling van private buitelandse laste volgens gebied



Tabel 3

Persentasieverdeling van private buitelandse laste volgens tipe sektor

Sektor	Aan die einde van:				
	1956	1967	1968	1969	1970
Mynwese	36,6	27,6	25,8	24,7	22,6
Fabriekswese	24,4	30,4	31,2	31,5	33,7
Finansiering	16,1	16,7	16,2	16,2	15,5
Groot- en kleinhandel	12,3	14,4	15,4	15,4	14,9
Versekering	2,4	2,9	3,5	3,8	3,7
Ander	8,2	8,0	7,9	8,4	9,6
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

het. Die skerp styging in uitstaande laste verskuldig aan Wes-Europa kan hoofsaaklik toegeskryf word aan groot lenings asook aan 'n toename in die korttermyn finansiering van ingevoerde goedere vanaf hierdie lande. Weens 'n toename in hul onuitgekeerde winste het die Dollargebiedlande se aandeel in private buitelandse laste gedurende die tydperk onder bespreking feitlik onveranderd gebly.

Buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor

Na 'n matige styging vanaf R529 miljoen aan die einde van 1967 tot R591 miljoen aan die einde van 1969, het die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor skerp toegeneem tot R823 miljoen aan die einde van 1970. Hierdie skerp styging in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor was hoofsaaklik in die vorm van onregstreekse belegging en kan aan toenames in sowel lang- as korttermynlaste toegeskryf word. Soos in tabel 4 aangetoon word, het langtermyn onregstreekse laste van die sentrale regering en banksektor as 'n persentasie van totale buitelandse laste vanaf 1956 tot 1967 aansienlik afgeneem, voordat dit weer tot aan die einde van 1970 toegeneem het. Hierdie ommeswaai van die neiging gedurende die laaste drie jare, en veral in 1970, is hoofsaaklik deur 'n toename in buitelandse lenings van die sentrale regering te weeg gebring. Nieteenstaande die feit dat die opbrengskoers op staatseffekte aansienlik verhoog is, is daar gedurende die laaste twee jaar slegs beperkte steun vir nuwe uitgiftes van die binnelandse private nie-banksektor ontvang. In die lig van die stram plaaslike kapitaalmarktoestande en toenemende owerheidsbesteding aan die uitbreiding van die infrastruktuur, het die sentrale regering hom tot buitelandse lenings gewend om die fondse wat plaaslik verkry is, aan te vul.

Alhoewel die sentrale regering in 'n toenemende mate van buitelandse korttermynfinansiering vir invoere gebruik gemaak het, het die korttermyn onregstreekse buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor vanaf R199 miljoen aan die einde van

1967 tot R145 miljoen aan die einde van 1969 afgeneem, en daarna tot R240 miljoen aan die einde van 1970 toegeneem. Hierdie verandering was in 'n groot mate 'n weerspieëling van veranderinge in Suid-Afrika se reserweposisie in die Internasionale Monetêre Fonds, wat op sy beurt weer toegeskryf kan word aan die metode wat gebruik word om die IMF-reserweposisie in die buitelandse laste en bate van Suid-Afrika aan te teken. Die IMF-reserweposisie word op 'n bruto basis aangeteken wat beteken dat die land se totale ledegeld aan die Fonds as 'n langtermynbate getoon word, terwyl promesses en uitstaande saldo's aan die IMF as laste getoon word. Die toename in Suid-Afrika se super goudtrancheposisie in die IMF gedurende 1969 is gevolglik as 'n afname in die korttermyn buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor weerspieël, terwyl die daaropvolgende trekking van die super goudtranche gedurende 1970 as 'n toename in die korttermyn buitelandse laste van hierdie sektor getoon is.

Veranderinge in die IMF-reserweposisie was ook verantwoordelik vir die afnames in die laste van die sentrale regering en banksektor teenoor die Dollargebiedlande aan die einde van 1969 en die skerp toename aan die einde van 1970. In ooreenstemming met die neiging in die buitelandse laste van die private sektor, het Wes-Europa 'n toenemende rol in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor vervul, hoofsaaklik as gevolg van lenings wat op die kapitaalmarkte van hierdie lande verkry is. Uitstaande laste van die Sterlinggebiedlande het slegs matig toegeneem.

Buitelandse bates

Totale buitelandse bates

Nadat die buitelandse bates van Suid-Afrika skerp vanaf R1 801 miljoen aan die einde van 1967 tot R2 422 miljoen aan die einde van 1968 toegeneem het, het dit slegs tot R2 499 miljoen aan die einde van 1969 gestyg en daarna tot R2 400 miljoen aan die einde van 1970 gedaal. Soos uit grafiek 3 gesien kan word, is hierdie jaarlikse veranderinge in buitelandse bates hoofsaaklik deur skommelings in Suid-Afrika se monetêre goudreserwes veroorsaak. Gedurende 1968 het Suid-Afrika se goudreserwes skerp, met R472 miljoen, toegeneem en gedurende die daaropvolgende twee jaar het dit weer, as gevolg van veranderinge in Suid-Afrika se betalingsbalansposisie, afgeneem. As die monetêre goudreserwes by buitelandse bates uitgesluit word, het ander buitelandse bates bestendig toegeneem vanaf R1 385 miljoen aan die einde van 1967 tot R1 896 miljoen aan die einde van 1970, of teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 10,4 persent vergeleke met 6,8 persent gedurende die voorafgaande tydperk van elf jaar.

Beleggings deur Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland word in 'n groot mate deur valutabeheer beïnvloed en normaalweg sal faktore soos die vlak

Tabel 4

Regstreekse en onregstreekse belegging as persentasie van die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor

Regstreekse en onregstreekse belegging	Aan die einde van:				
	1956	1967	1968	1969	1970
Regstreekse belegging	27,9	38,9	37,0	43,7	32,3
Langtermyn	18,3	24,3	21,6	27,1	20,4
Korttermyn	9,6	14,6	15,4	16,6	11,9
Onregstreekse belegging	72,1	61,1	63,0	56,3	67,7
Langtermyn	52,3	23,5	28,6	31,8	38,5
Korttermyn	19,8	37,6	34,4	24,5	29,2
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

van die goud- en buitelandse reserwes, die doel met die belegging en die uitvoerpotensiaal wat met so 'n belegging gepaard gaan, in aanmerking geneem word wanneer 'n aansoek om buitelandse belegging oorweeg word. In die lig van die vlak van goud- en buitelandse reserwes en die oormatige likwiditeit wat in die volkshuishouding bestaan het, is verslappings in valutabeheer in Julie 1968 deur die Minister van Finansies aangekondig. Aansoeke deur Suid-Afrikaanse inwoners om regstreekse buitelandse belegging aan te gaan is meer simpatiek oorweeg, veral beleggings met die doel om Suid-Afrikaanse uitvoere te bevorder of te beveilig, of om bestaande buitelandse bates as verdieners van buitelandse valuta te beskerm en te versterk. In Junie 1969 is verdere verslappings aangekondig wat ook Suid-Afrika se buitelandse bates beïnvloed het, aangesien die valutabeheerowerhede besluit het om aansoeke van erkende finansiële instellings, wat gereeld beleggingsfondse uit die buitenland verkry het, om portefeuljebeleggings te maak in buitelandse aandele en effekte wat op buitelandse effektebeurse genoteer is, meer gunstig te oorweeg. Vanweë die skerp afname in goud- en buitelandse reserwes sedert die middel van 1969, was laasgenoemde verslapping slegs vir 'n kort tydperk effektief.

Ander faktore wat Suid-Afrika se buitelandse bates gedurende die tydperk onder bespreking beïnvloed


het, sluit in die relatief hoë rentekoerse wat gedurende die tweede helfte van 1968 en gedurende 1969 in die buitenland voorgekom het, en die daaropvolgende daling in hierdie koerse tesame met 'n toename in die rentekoerspatroon in Suid-Afrika gedurende 1970. Die algemene internasionale valuta-onsekerheid gedurende bykans die hele tydperk het ook as 'n aansporing vir Suid-Afrikaanse ondernemings gedien om veral hulle korttermyn buitelandse bates te vermeerder. Laastens is die buitelandse bates van die land natuurlik ook beïnvloed deur die dividendbeleid wat deur Suid-Afrikaansebeheerde buitelandse maatskappye gevolg is.

Buitelandse bates van die private sektor

Die buitelandse bates van die private sektor het vanaf R1 011 miljoen aan die einde van 1967 tot R1 297 miljoen aan die einde van 1970 toegeneem, en was vir ongeveer 57 persent van die styging in totale buitelandse bates (uitgesonderd monetêre goudreserwes) verantwoordelik. Alhoewel regstreekse belegging omtrent 60 persent tot die styging in private buitelandse bates bygedra het, het dit in relatiewe belangrikheid vanaf die einde van 1967 tot aan die einde van 1970 afgeneem, terwyl daar 'n ooreenstemmende styging in onregstreekse belegging was. Hierdie relatiewe afname is in skerp teenstelling met die stygende neiging in die voorafgaande tydperk van elf jaar en kan aan 'n skerp toename in korttermyn onregstreekse bates toegeskryf word. Regstreekse belegging was nog steeds hoofsaaklik in die vorm van langtermynbates, terwyl langtermyn onregstreekse bates vanweë die valutabeheerbeleid wat deur die owerhede gevolg is, slegs 'n geringe toename getoon het.

Die toename in private buitelandse bates is omtrent gelyk tussen eienaarsbelang en leningskapitaal verdeel en die aandeel van beide hierdie tipe bates het op ongeveer dieselfde vlak as aan die einde van 1967 gebly. Die belegging in eienaarsbelang het hoofsaaklik bestaan uit onuitgekeerde winste wat Suid-Afrikaanse inwoners toekom en het vanaf R325 miljoen aan die einde van 1967 tot R429 miljoen aan die

Grafiek 3 **Jaarlikse persentasieverandering in totale buitelandse bates**



Tabel 5

Regstreekse en onregstreekse belegging as persentasie van private buitelandse bates


Regstreekse en on-regstreekse belegging	Aan die einde van:				
	1956	1967	1968	1969	1970
Regstreekse belegging	57,7	69,0	66,9	65,4	66,8
Langtermyn	47,9	62,5	60,9	59,8	61,4
Korttermyn	9,8	6,5	6,0	5,6	5,4
Onregstreekse belegging	42,3	31,0	33,1	34,6	33,2
Langtermyn	22,1	18,3	18,0	16,7	14,8
Korttermyn	20,2	12,7	15,1	17,9	18,4
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

Tabel 6
Persentasieverdeling van private buitelandse bate volgens tipe bate

Tipe bate	Aan die einde van:				
	1956	1967	1968	1969	1970
Elenaarsbelang	47,9	63,0	62,0	62,6	63,6
Onuitgekeerde winste	12,8	32,2	31,1	32,6	33,1
Ander elenaarsbelang	35,1	30,8	30,9	30,0	30,5
Leningskapitaal	46,5	34,5	35,8	35,3	34,5
Langtermynskuld	16,5	15,2	14,7	11,8	10,7
Korttermynskuld	30,0	19,3	21,1	23,5	23,8
Vaste eiendom	5,6	2,5	2,2	2,1	1,9
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

einde van 1970 toegeneem. Beleggings in ander elenaarsbelang, in besonder stemdraende-aandele, het ook gedurende die laaste drie jaar matig gestyg. Totale leningskapitaal, as 'n persentasie van totale private buitelandse bates het feitlik onveranderd gebly aangesien die skerp styging in die verhouding van die korttermynskuld deur 'n ooreenstemmende afname in die aandeel van langtermynskuld uitgeskakel is. Uit-

Grafiek 4 **Persentasieverdeling van private buitelandse bates volgens gebied**



staande langtermynskuld het vanaf R153 miljoen aan die einde van 1967 tot R139 miljoen aan die einde van 1970 gedaal, terwyl korttermynskuld vanaf R194 miljoen tot R309 miljoen oor dieselfde tydperk gestyg het. Grafiek 4 toon dat Suid-Afrika se belegging in Wes-Europa as 'n persentasie van totale private buitelandse bates vanaf die einde van 1967 tot aan die einde van 1969 gestyg het en daarna tot aan die einde van 1970 gedaal het. Presies die teenoorgestelde beweging het in die geval van beleggings deur Suid-Afrikaanse inwoners in die Sterlinggebiedlande voorgekom. Die skerp styging in die aandeel van Wes-Europa was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in regstreekse belegging in stemdraende-aandele en 'n gepaardgaande skerp styging in onuitgekeerde winste. Gedurende 1970 was die toename in die buitelandse bates in die Sterlinggebiedlande hoofsaaklik die gevolg van 'n skerp toename in korttermyn onregstreekse bates. Die persentasie-aandeel van private buitelandse bates in die Dollargebied het gedurende die tydperk 1968 tot 1970 onveranderd op ongeveer dieselfde vlak as wat aan die einde van 1967 bereik is, gebly.

Buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor
 Indien monetêre goudreserwes uitgesluit word, het ander buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor 43 persent tot die toename in totale buitelandse bates bygedra. Die merkbare styging in die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor (uitgesonderd monetêre goudreserwes) vanaf R377 miljoen aan die einde van 1967 tot R599 miljoen aan die einde van 1970, was hoofsaaklik die gevolg van 'n skerp styging in korttermynbates wat nie minder nie as R192 miljoen bedra het. Uit die gegewens in tabel 7 blyk dit dat die buitelandse bates van hierdie sektor byna uitsluitlik in die vorm van onregstreekse belegging is, wat meer as 99 persent van die totaal uitmaak. In teenstelling met 1967, toe onregstreekse buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor omtrent gelyk tussen

Tabel 7
Regstreekse en onregstreekse belegging as persentasie van die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor (uitgesonderd monetêre goudreserwe)

Regstreekse en on-regstreekse belegging	Aan die einde van:				
	1956	1967	1968	1969	1970
Regstreekse belegging:					
Langtermyn	0,9	0,8	0,9	0,9	0,3
Onregstreekse belegging	99,1	99,2	99,1	99,1	99,7
Langtermyn	40,7	49,9	41,8	42,8	36,6
Korttermyn	58,4	49,3	57,3	56,3	63,1
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

langtermyn- en korttermynbates verdeel was, het korttermynbates gedurende die tydperk 1968 tot 1970 in so 'n mate toegeneem dat hulle aandeel van 49,3 persent aan die einde van 1967 tot nie minder nie as 63,1 persent aan die einde van 1970 gestyg het. Hierdie skerp styging in korttermynbates was hoofsaaklik die gevolg van merkbare toenames in die buitelandse valuta-reserwes van die Reserwebank asook die buitelandse handelsaldo's van die sentrale regering, en die aanvanklike toekenning van Spesiale Trekkingsregte.

Soos in die geval van die private sektor, het die verhouding van buitelandse bates (uitgesonderd monetêre goudreserwes) wat deur die sentrale regering en banksektor in Wes-Europa belê is aansienlik toegeneem nl. vanaf 19,1 persent aan die einde van 1967 tot 29,2 persent aan die einde van 1970. 'n Ooreenstemmende afname het in die aandeel van die Dollargebiedlande voorgekom, terwyl dié van die Sterlinggebiedlande op ongeveer dieselfde vlak gebly het.

Gevolgtrekking

Vanaf die einde van 1967 tot aan die einde van 1970 het Suid-Afrika se buitelandse laste teen 'n aansienlik vinniger koers as gedurende die voorafgaande elf jaar toegeneem. Alhoewel hierdie skerp styging in 'n sekere mate 'n aanduiding was van die vertroue van buitelandse beleggers in die groeipotensiaal van die volkshuishouding en die relatief hoë opbrengs wat op beleggings in Suid-Afrika verkry kan word, is dit ook teweeggebring deur buitengewone omstandighede soos onsekerheid op internasionale monetêre gebied, verwickelinge op die binnelandse kapitaalmark, valuta-beheer en fiskale beleidsmaatreëls, die vinnige ekonomiese groei en die daarmee gepaardgaande skerp styging in goedere-invoere, en die verskil tussen die vlak van rentekoerse in Suid-Afrika en dié in die Verenigde State en Wes-Europa.

Regstreekse belegging in die private sektor was hoofsaaklik vir die vinnige styging in die buitelandse laste van die land verantwoordelik, alhoewel korttermynlaste van die sentrale regering ook, veral gedurende 1970, betekenisvol toegeneem het. Die toename in die buitelandse laste het gepaard gegaan met 'n skerp toename in die verhoudelike aandeel van leningskapitaal in sowel die private as die sentrale regering en banksektor. Ten spyte van die aansienlike toename in buitelandse langtermynlenings, veral gedurende 1970, het Suid-Afrika nog 'n aansienlike vermoë om verdere lenings in die buiteland te verkry en buitelandse beleggers is ook gewillig om hierdie fondse, wanneer dit benodig word, te voorsien. In teenstelling met die tydperk vanaf 1956 tot 1967, het onuitgekeerde winste as 'n persentasie van totale private buitelandse laste gedurende die tydperk 1968 tot 1970 afgeplat, terwyl 'n afname in die aandeel van ander eienaarsbelang, veral in stemdraende-aandele, aangeteken is.

Die relatiewe belangrikheid van buitelandse beleggings in nywerheidsondernemings het sy stygende neiging voortgesit, terwyl dié van versekeringsondernemings ook gedurende die afgelope drie jaar betekenisvol gestyg het. Die aandeel van buitelandse belegging in mynbou- en finansieringsondernemings het egter afgeneem, terwyl dié van klein- en groot-handelsondernemings op dieselfde vlak as wat aan die einde van 1967 bereik is, gebly het. 'n Indeling volgens gebied toon dat 'n toenemende verhouding van buitelandse fondse vanaf Wes-Europa verkry is, terwyl die aandeel van die Sterlinggebiedlande afgeneem en dié van die Dollargebiedlande nie veel verander het nie.

Nie slegs die buitelandse laste nie, maar ook die buitelandse bates van die land het oor die tydperk 1968 tot 1970 betekenisvol toegeneem. Op 'n jaarlikse basis het Suid-Afrika se buitelandse bates in 1968 skerp toegeneem, in 1969 slegs 'n geringe styging getoon en in 1970 gedaal. Hierdie veranderings kan egter hoofsaaklik toegeskryf word aan veranderings in die monetêre goudreserwes, en as laasgenoemde uitgesluit word, het buitelandse bates 'n bestendig toenemende neiging getoon. Die styging in die buitelandse bates van die land gedurende die tydperk 1968 tot 1970, is hoofsaaklik deur sulke faktore soos die verandering in valuta-beheermaatreëls, die rentekoerspatroon in Suid-Afrika, internasionale monetêre onsekerheid en die dividendbeleid wat deur Suid-Afrikaansbeheerde buitelandse ondernemings gevolg is, veroorsaak.

In teenstelling met die tydperk 1956 tot 1967, het onregstreekse belegging as 'n persentasie van totale private buitelandse bates betekenisvol toegeneem. Gedurende die tydperk 1967 tot 1970 was private buitelandse bates ongeveer gelyk tussen eienaarsbelang en leningskapitaal verdeel. Onuitgekeerde winste en belegging in stemdraende-aandele was hoofsaaklik vir die styging in eienaarsbelang verantwoordelik terwyl die relatiewe belangrikheid van leningskapitaal nagenoeg onveranderd gebly het, aangesien die skerp styging in die aandeel van korttermynskuld bykans deur 'n afname in die aandeel van langtermynskuld uitgeskakel is. Die toename in die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor is hoofsaaklik deur 'n skerp styging in korttermynbates veroorsaak, veral in die buitelandse reserwes van die Reserwebank en in die buitelandse handelsaldo's van die sentrale regering.